
# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

# Lydenstyd


**10 MAART 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **04**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Visionering | **"In die lig van God se Woord."** ***Oor ons reis met Artikel 37, een jaar of sestig later.***

## 06 ARTIKELS

06 Verbi Divini Minister | **'n Reeks oor musiek en sang in die erediens**

06 JST | ***The Journal of Systematic Theology***

06 Netwerke | **Die Leierskap Netwerk van die NG Kerk Sinode Vrystaat**

06 Publieke Getuienis | **Die noodsaak van goeie navigasie en toerusting as jy in 'n moeras beweeg**

06 Afrika-Ekumene | **Akkreditasie van teologiese skole in Afrika**

06 Afrika-Ekumene | **Bestekopname van gemeentes se werksaamhede in Lesotho**

07 Algemeen | **God Onthou my** ***Hierdie is 'n ware verhaal***

## 08 MEDIATEEK

08 Boekresensies | **Barbara Brown Taylor** ***An Altar in the World: A Geography of Faith***

08 Inventaris

## 09 EKOLOGIE

09 18 Maart 2023 | **Wêreldherwinningsdag/** ***Global Recycling Day***

## 10 AKTUEEL ALGEMEEN

10 Diaconia | **NG Kerk uitreik na Turkye**

11 Hugenoot | **Webinaar:** ***Being church on the edge***

12 Advertensies

13 CLF | **Pinksterreeks 2023**

## 14 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 15 KALENDER

## 16 BETREKKINGS

## 17 GEMEENTENUUS

## 19 VERJAARSDAE

## 20 'N LAASTE GEDAGTE

## 22 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Ds Jan Lubbe | Dr Nico Mostert | Dr Suzanne vd Merwe | Dr Henco vd Westhuizen | Mariëtte Odendaal | Dr Leon M Foot Ds Gerber Roux | Ds Enrico Casaleggio

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

NG Kerk Vrystaat Buitengewone Sinodesitting op **Dinsdag 18 April** te **Geloofsentrum Universitas**, Bloemfontein.

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende Vrypos-uitgawe verskyn op **Vrydag 24 Maart**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



VRYPOS-FOKUS

# "IN DIE LIG VAN GOD SE WOORD."

## OOR ONS REIS MET ARTIKEL 37, EEN JAAR OF SESTIG LATER.

DEUR DS JAN LUBBE, MODERATOR

**Woensdagmiddag, 8 Maart 2023. Druk die "Send"-knoppie. "Verslag van die Moderamen aan die Buitengewone Sinodesitting".**

Op 'n dag kort, presies één jaar ná die Sinode van die NG Kerk Vrystaat in Maart 2022 in die Protea-saal van die Bloemskouterrein dié opdrag gegee het: "Stel 'n inligtingstuk saam oor Artikel 37 en kerkverband", wat deur gemeentes en ringe oorweeg kan word en besluit dan oor die noodsaak om 'n buitengewone sinodesitting vir die NG Kerk in die Vrystaat saam te roep.



*Foto (Sinodesitting 2022):*
*Ds Jan Lubbe, Voorsitter van die Moderamen*

Min van ons het verlede jaar veel geweet oor dié artikel in ons Kerkorde (daarom ook die wyse besluit van die Sinode): Dat, sou een van "die samestellende kerke" dit "in die lig van God se Woord kan regverdig", so 'n kerk dan "uit die algemene sinodale verband" kan tree...

Op 'n vreemde manier is dit eintlik ook gepas dat dit juis óns – die Vrystaatse Sinode – is wat dié artikel in diepte sou bestudeer en nou op 18 April daaroor gaan besluit. In die tyd toe 'n Kerkorde vir die "hereniging" van die destydse vyf NG Kerke in 'n "Algemene Sinode" geskryf is, was dit die "Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S." wat huiwering gehad het.

Huiwering omdat twee van daardie vyf kerke ook lid van die Wêreldraad van Kerke was.

Dit was immers die jare rondom die Cottesloe-beraad (1960) en in die Vrystaat is daar anders oor dié groot ekumeniese liggaam se standpunte gedink. In dieselfde jaar dat die Wêreldraad van Kerke byvoorbeeld tot stand gekom het – 1948 – is daar "Uit die Vrystaat" (só het die Kerkbode-rubriek van ds. CR Kotzé geheet) met Skrifvers en kapittel verduidelik dat "Apartheid 'n Christelike beleid" is. Maar die huiwering het nog dieper gesetel. In daardie jare, moes predikante wat in 'n NG-gemeente in die Vrystaat bevestig is, 'n addisionele verklaring oor hul trou aan die Skrif en belydenis onderteken: Oor die Bybel as onfeilbare Woord van God in al die dele daarvan; oor die Skeppingsverhaal teenoor enige evolusieteorie; oor Moses as outeur van die Pentateug en dat Jona in die vis was; dat "Jesus Christus altyd die Waarheid is" – standpunte waarin die nárammelinge van die destydse Du Plessis-stryd in die Kaapse NG Kerk nog weerklink het.

En dan was daar die huiwering dat die eie kerklike identiteit en teologiese standpunte van 'n "kleiner samestellende NG Kerk" voor 'n getalle-oorwig uit die Transvaalse noorde of Kaapse suide sou moes swig. Sestig jaar later – 2022 – en die NG Kerk in die Vrystaat vra haarself dié vraag af. By die drumpel van die kerkdeur, om Artikel 37 in ander woorde te stel.

Lees hier »

NG Kerk
Vrystaat

BLOEMFONTEIN

# BUITENGEWONE SINODESITTING 18 APRIL 2023

Strausstraat 12 | Universitas | Bloemfontein 9301

## GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

# Program

**09:00 | Thabo Olivier**
van ***Let's Grow Food with Thabo***

***Klik HIER*** *om meer oor hierdie dinamiese mentor te wete te kom rakende* ***informele voedselvoorsiening****.*

**10:30 | Teebreuk**

**11:00 | Sinodale gemeentebydraes**
*(slegs vir leraars en kerkraadslede)*

*Die* ***Departement Finansiële Administrasie van die NG Kerk Vrystaat*** *wil graag Ringe besoek om verslag te lewer oor die afgelope vyf jaar en hoe gemeentes se bydraes aangewend is, asook om terugvoer by gemeentes te kry oor hul unieke uitdagings rondom fondse en moontlike voorstelle aan te hoor.*

**12:30 | Verdaag en reis veilig**

***Die Ring betaal die reiskoste van een motor se vervoer per gemeente.***




**24 MAART** 2023 **09:00**

# Spesiale **Sentrale Ringsbyeenkoms**

*NG Gemeente Senekal-Noord* | *De Villiersstraat, Senekal 9600*

Alle **leraars** | **gemeenskapleiers** | **kerkraadslede** | **finansiële personeel**

Bespreek jou gemeente **voor Maandag 20 Maart** by ds Adrie Potgieter **+27 (0) 83 444 5510**

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING

### Verbi Divini Minister

**'n Reeks oor musiek en sang in die erediens**

*Dr Suzanne van der Merwe*
*Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

### Volume 2 | Uitgawe 6

***The Journal of Systematic Theology***

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

### Netwerke

**Die Leierskap Netwerk van die NG Kerk Sinode Vrystaat**

*Mariëtte Odendaal*




**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

### Publieke Getuienis

***Die noodsaak van goeie navigasie en toerusting as jy in 'n moeras beweeg***

*Dr Nico Mostert, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

### Afrika-Ekumene

**Akkreditasie van teologiese skole in Afrika**

*Mariëtte Odendaal*




**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

### Afrika-Ekumene

**Bestekopname: Gemeentes se werk-saamhede in Lesotho**

*Dr Nico Mostert, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

ALGEMEEN



# GOD ONTHOU MY

**Deur dr Enrico Casaleggio**
*Leraar van NG Gemeente Fichardtpark*

## Hierdie is 'n ware verhaal

Een van die mees troosvolle tekste in die Bybel, vir my, is Jesaja 49:15,16. Selfs tussen baie ander bemoedigende verse in Jesaja staan dit soos 'n baken van lig: "Kan 'n vrou haar baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie. Ek het jou naam in my handpalms gegraveer,...".

Dit is skrikwekkend dat ons ons vriende vergeet, maar ons vyande onthou, terwyl God Sy kinders onthou en hulle sonde vergeet. Dink maar aan Jeremia 31:34 waar die Here sê: "Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie".

**Dalk het jy vandag die ervaring dat God nie jou sonde vergeet het nie, maar dat Hy jóú vergeet het.**

Dit is maar hartseer en beproewing se manier. Dit wil ons laat twyfel aan God se goedheid. Ja, die lewe is dikwels vol van hindernisse en probleme en onmoontlike teenstrydighede. Soveel so dat dit lyk asof dinge nooit weer uitgestryk kan word nie.

Dit herinner my aan 'n gesprek wat ek 'n tydjie gelede gehad het, wat my steeds bykans sprakeloos laat. Maar, kom ek vertel jou hierdie ware verhaal. Die verhaal van Koos Botha[1], soos hy my dit self vertel het. Koos bly in Stellenbosch. Hy is 'n motorwerktuigkundige by 'n motorhawe op die pad na die Strand.

Lees meer »

# MEDIATEEK

*HARPERONE / 2010 / PAPERBACK*

Skrywer
***Barbara Brown Taylor***

# *AN ALTAR IN THE WORLD*
# ***A GEOGRAPHY OF FAITH***

**"The BESTSELLING author of *LEAVING CHURCH* reveals how to SEE THE SACRED in our EVERYDAY LIFE."**

"The author seems simply incapable of writing a bad book. And this volume, which focuses on spiritual practices, simply adds to her growing reputation."
***The Kansas City Star***

"Taylor serves up beefy soul food."
***Atlanta Journal-Constitution***

"A delight to the eyes, mind and heart."
***America***


"A delight to read and a profound experience."
***Explorefaith***

"She's deliberately exploring the turf where our feet hit the floorboards each morning... You'll find a wise friend in Barbara's book."
***America***

"Elegant, wise and insightful, this book is also sacramental: It mediates the life it describes."
***Marcus Borg, author of Jesus***

"Taylor writes fluently, with an eye for the striking image and memorable phrase. Many readers...will find support and useful counsel."
***Library Journal***

***Boekprent oorgeneem uit*** *© 2023 Christianbook, LLC.*




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Hierdie boek is beskikbaar in die Mediateek.**

**Loer hier »**

*"Every year, the Earth yields billions of tons of natural resources and at some point, in the not too distant future, it will run out."*

# GLOBAL RECYCLING DAY

## 18 MAART



***Oorgeneem uit*** *https://www.globalrecyclingday.com*

# WÊRELDHERWINNINGSDAG

*"That's why we must think again about what we throw away – seeing not waste, but opportunity. The last decade has been the hottest on record, and we are now facing a climate emergency of unparalleled proportions."*

*"If we don't **make significant and rapid changes**, we will see continued rising global temperatures, the melting of icecaps, continents on fire and rapid deforestation."*

Global Recycling Day 18 • 03

GLOBAL RECYCLING FOUNDATION

**Lees meer**

# NG KERK **UITREIK** NA TURKYE

**Deur** Diaconia, Sinode van Wes-Kaapland

Die sinodale diensgroep, **Diaconia** in die Wes-Kaap stel hul rampfonds diensbaar en moedig die publiek landwyd aan om by te dra tot 'n gesamentlike uitreik na Turkye.

*"As jy kans het en dink dit is die regte ding om te doen, kan jy hierdie inligting gebruik en 'n skrywe na al die sinodes uitstuur.*

*Ons bied bloot aan om dit te koördineer en doen dit met groot verantwoordelikheid."*

*Dr Gustav Claassen*
*Sekretaris: Algemene Sinode*

DIACONIA
GEE VAN JOUSELF | BE A GIVER | YIBA NGUMPHI

Ons land se mense is **omgeemense**



## Turkye en Sirië Rampondersteuning

'n Effektiewe en betroubare ramphulpfonds vir voeding en fisiese nood.

Diaconia
Nedbank
Rekeningnr: 1135900337
Takkode: 198765
Verwysing - vir beertjies: Teddies Turkye
Verwysing - geld vir die uitreik: Hulp Turkye

Kom ons maak 'n lewegewende verskil.

**Diaconia-netwerk** het verskeie bedieningsgroepe in Turkye om te verseker dat die fondse en ons boodskap van liefde, hoop, bemoediging en medelye by die regte plekke uitkom. Die inisiatief word heelhartig belyn met georganiseerde rampondersteuning wat tans plaaslik in Turkye gelewer word. Ons vertrou nou reeds dat die Here die pad sal berei dat dit meer as geld is wat uiteindelik by mense in nood uitkom. Daar sal deurlopend terugvoer gegee word oor die stand van die fonds, wanneer 'n oorbetaling gemaak word en waarvoor geld aangewend word.

Diaconia ondersteun ook die NG Gemeente Albertinia se inisiatief om beertjies na Turkye te stuur. Uitreikspanne sal nog vir maande wat kom, by mense uitkom wat diep getraumatiseer is, onuitspreeklike seer beleef en dalk alleen voel. Veral ook by kinders. Die Here het dit op hierdie gemeente se hart gelê om met hierdie projek iets in die rugsak van ramphulpwerkers te sit waarmee hulle kinders wat oor hul pad kom, kan troos.

**Lees meer oor Beertjies vir Turkye HIER**.





Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier

# PINKSTER

## HOOP IN HANDELINGE

Deur

**Dr Pieter van Jaarsveld**
*Emeritusleraar van Bloemfontein en voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat.*

### PENTECOST
### PINKSTER

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritusleraar van Bloemfontein.



***Oorgeneem uit*** *https://clf.co.za/resource-toolkit/*

### ANDER HULPBRONNE

Kyk gerus ook HIER na ons jongste Preek-oordenkings, Webjoernale (Blogs) en Oordenkings wat op CLF se Hulpbronsentrum gelees en gedeel kan word.

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIE | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

**E-pos: helene@bmedia.co.za**

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**CLF**
Nuusbrief

**Lees hier** »

*Oorgeneem uit © clf.co.za*

CAVA Christian Audio-Visual Action

**CAVA ZIM**
Nuusbrief

**Lees hier** »

*Oorgeneem uit Getuienisaksie Eenheidsbediening, VrydagNuus Sinode Wes-Kaapland*

VIR JOU EN JOU MENSE LiG

**LiG-tydskrif**
Publikasie

**Loer hier** »

*Oorgeneem uit © lig.christians.co.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

*ELDERS GELEES*

**Skokkende toename in digitale vervolging van Christenvroue**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*8 Maart 2023*

**ASM: 'Bid vir politieke leiers, beskermingsdienste, regbank, fluitjieblasers en slagoffers van misdaad, korrupsie en geweld'**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*3 Maart 2023*

**Oor herlewings, #imagine en oop wees vir Goddelike verrassings**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*3 Maart 2023*

**Anti-rassisme: 'Kerk is die plek waar ons mense aan die hand moet vat en sê elke mens is waardig en volmaak gemaak in God se oë'**

*Oorgeneem uit Kerkbode*
*1 Maart 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nb

## FICHARDTKRUIN

SE GROOT FICHARDTPARK-KUIER

**KOM KAMP SAAM**

TENT / KARAVAAN
of slaap by die huis - neem net deel!

**10** DAG **03** MAAND **23** JAAR

nb

## NOORDHOEK

OPTREDE | PIET SMIT

**70STE HERDENKING**

VANAF 09:30
Geen kaartjieverkope, slegs 'n sagte kollekte

**12** DAG **03** MAAND **23** JAAR

nuut

## SENEKAL-NOORD

SPESIALE SENTRALE RINGSBYEENKOMS

**THABO OLIVIER**

Bespreek jou gemeente voor Maandag 20 Maart
by ds Adrie Potgieter +27 (0) 83 444 5510

**24** DAG **03** MAAND **23** JAAR

nuut

## FICKSBURG

THABO OLIVIER

***LET'S GROW FOOD***

Kom sluit by ons aan vir 'n inspirerende, leersame en motiverende ervaring saam met Thabo Olivier

**25** DAG **03** MAAND **23** JAAR

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS







## Predikantenuus

VRYSTAAT

**VASTETERMYNPOS** *(Oorgeneem uit Kerkbode, 3 Maart 2023)*

**Dr Gerdrie van der Merwe** wat sedert 1 Oktober 2022 'n vastetermynleraarspos in die NG Gemeente Trompsburg beklee en op 16 Oktober 2022 bevestig is, se dienstermyn is deur die kerkraad verleng tot einde 2023.

Hy woon in die pastorie en sit sy werk as kerkhistorikus voort met die skryf van die "In Memoriams" van die Jaarboek 2024.

Hy kan gekontak word by **083 516 7600** en sy e-posadres het verander na **gerdrie@zipplink.co.za**.

**Kerkbode**

**VIR MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**VIR MEER INLIGTING** | daf@ngkvs.co.za / (051) 406 6700



# *I love boobies*

**Deur dr Leon M Foot** | Leraar van **NG Gemeente Welkom-Suid**

## MANS

Vir elke **100 vroulike pasiënte** is daar **een man met borskanker**. Die slegte nuus is dat ongeveer een derde van hulle nie die siekte gaan oorleef nie!

Mans is oortuig van die mite dat borskanker nie bestaan nie, daarom stel hulle nie ondersoek in nie en sterf dus aan die siekte sonder om hulp daarvoor te kry.

**Mans is bang dit maak hulle minder manlik om te erken dat hulle borskanker het.**

Mans is dikwels sku vir dokters. Daarom word hulle kankers dikwels eers in 'n laat stadium ontdek en is dus moeiliker om te behandel.

**Mans het ook minder borsweefsel as vroue, wat veroorsaak dat selfs klein tumors maklik in die omliggende weefsels uitsaai.**

Mans is dikwels ouer wanneer hulle met die siekte gediagnoseer word – 63 jaar teenoor 59 jaar by vroue.

www.cansa.org.za

Dis veertien dae voor die basaar. Dis chaos. Die gebruiklike basaar-organiseerder het vir haar nuwe kleinkind in Ierland gaan kuier, die skriba se kleinkinders kom kuier en sy neem drie dae verlof. Ek en die koster het elk 'n afnaweek wat lank gelede reeds beplan is, en die vier dae voor die basaar, sit ek in vergaderings! Hier kom die vrouediens-voorsitter so ewe: My man sê ons moet 'n fietstrap en stapwedloop doen saam met die basaar. Verbeel jou net! Maar dis reg, gaan voort, doen jy dit, sê net hoe ons kan help.

Ek sien die roetekaart: Dwarsdeur die middestad, rondom die *mall* – en dit op 'n Saterdagoggend. Dit sal nooit gebeur nie! Maar dit gebeur. Tien dae later is al die handtekeninge op papier – munisipaliteit, verkeersafdeling, polisie, sekuriteitspersoneel en *marshalls*. Almal aan boord. En KANSA. Want hierdie is nie 'n gewone projek nie.

**Dis 'n *I love boobies* borskankerbewusmakings-veldtog.**

In SA kry een uit elke 28 vroue borskanker – ons ma's, oumas, vrouens, susters en dogters. In 'n gemiddelde gemeente van 500-600 mense, gaan 10 vroue borskanker kry. Alhoewel dit die algemeenste oorsaak van kankerdood by vroue is, kan vroegtydige sifting en diagnose van die siekte vroue se kanse op oorlewing dramaties verbeter en dit verminder die behoefte van aggressiewe en indringende behandeling.

Lees meer »

# #IMAGINE SENTRAAL

**Nampo Park**
**Bothaville, VRYSTAAT**




# #imagine

>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>>

## 18-20 MAART 2023

Kaartjie Koste:
**R500-00**

TWEE VENUES, DUISENDE TIENERS, EEN NAWEEK.
'N AANBIDDINGSAVONTUUR EN "EPIC" SPREKERS: WORD DEEL VAN DIE GROOTSTE INTERKERKLIKE JEUGBEWEGING IN SUID-AFRIKA.

OUDERDOMSGROEP 13 – 18 | GROEPLEIERS & VRYWILLIGERS VAN ALLE OUDERDOMME WELKOM

WWW.FACEBOOK.COM/IMAGINEMOVE   INSTAGRAM. IMAGINE_MOVESA   INFO@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA / CENTRAL@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA   079 991 7847

WWW.IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA

**CHRISTO NEL | 076 973 2006**

# VERJAARSDAE




Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## MAART

**11** Ds Lood Oliver
**WELKOM-NOORD**

**12** Dr Danie Kleynhans
**LADYBRAND**

**13** Mnr De Wet Claassens
**ENGO**

**14** Ds Rudo Strydom
**HENNENMAN**

**15** Ds Anneri Viljoen-Potgieter
**HUGENOOT**

**16** Ds Gerhard Meyer
**KOPANONG CHURCH**

**20** Ds Mauritz Heyneman
**HEUWELKRUIN**

**20** Ds Frans du Toit
**HOOPSTAD**

**22** Ds Ockie Olivier
**VIERFONTEIN**

TEKS: **Matteus 7:24, 26** (AFR83)

**Ds Gerber Roux** | Leraar van NG Gemeente Hospitaalpark

# **Gehoorsaamheid** maak saak...

***"Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het... En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het."***

MATTEUS 7:24, 26

In sy bergrede leer Jesus ons hoe om 'n etiese lewe – 'n lewe waardig van God se koninkryk – te lei. Só leer Hy ons om: Die ander wang te draai, ons vyande lief te hê, met nederigheid armes te help, in opregtheid God te aanbid en om die dag van môre nie te vrees nie. Dít is om enkele voorbeelde te noem.

Aan die einde van die bergrede vertel Jesus hoe twee mense elkeen 'n huis gebou het. Die een huis is op rots gebou en die ander een op sand. Wind, reën en vloedwaters het gekom en die bouwerk getoets. Die huis op die rots het stewig bly staan, maar die huis gebou op sand is in puin gelê.

Uit die gelykenis is dit duidelik dat dit nie ons woorde, oortuigings of kennis is nie, maar ons optrede wat die hardste getuig van ons verhouding met die Here.

Die huis op die sand was dalk 'n mooi en gemaklike woning, maar dit was nie op die fondament van gehoorsaamheid gebou nie. Daarom kon dit nie standhou nie.

Hierdie gelykenis dwing ons om onsself die vraag te vra: ***Waarop is my huis gebou – op rots of op sand? Waarop rus die fondasie van my lewe – op gehoorsame onderwerping aan God se Woord of ongehoorsaamheid en kompromie?*** Moenie 'n fout maak nie, ons bouwerk sal getoets word (1 Korintiërs 3:9-15).

Mag die Heilige Gees ons tot selfondersoek en – as dit moet – tot verootmoediging help.

**Blogartikel »**



Foto: **Ds Gerber Roux**



## MOOIGENOEG

### VERBLYF

- 173 Beddens beskikbaar (waarvan 149 stapel-beddens is)
- 7 Opgedateerde selfsorg-eenhede (24 beddens)

### LOKALE EN GERIEWE

- Groot saal ± 250 persone
- Klein saal ± 50 persone
- Kombuis is ten volle toegerus met alle nodige toerustig om op die perseel voedsel voor te berei
- Swembad en vollyball-baan
- Lekker groot braaiers

### IDEAAL VIR ...

- Groot kampe
- Troues
- Verjaarsdae
- Kombuistee / Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

## FLORADALE

### VERBLYF

- 50 Beddens beskibaar (waarvan 40 stapel-beddens en 10 in selfsorg-eenhede geakkommodeer word)

### LOKALE EN GERIEWE

- Saal ± 150 persone
- 2 Lekker groot ingeboude braaiers
- Boma

### IDEAAL VIR ...

- Klein intieme kampe
- 'n Klein intieme troue
- Verjaarsdae
- Kombuistee/ Babatee / Doeke braai / Retreats
- Konferensies

## KOM EN GENIET!

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

### KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING

**KANTOOR**
Nicolene Gouws · 051 406 6700 · nicolene@ngkvs.co.za

**TERREINE**
CP Prinsloo · 082 523 7309 · ppmooigenoeg@gmail.com

# KONTAK ONS

## REDAKSIE


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn, 9301
Posbus 11412, Universitas, 9321


Stuur enige nuusgebeure, bydraes of inligting **voor 12:00 Woensdae** na **cmclean@ngkvs.co.za**




# Samestellers


Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**


@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Indien jy op **VRYPOS** wil inteken | **KLIK HIER** | Stuur 'n e-pos om **VRYPOS** te kanselleer


© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk
Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking